# Die Christelike Vrou

April 2024 Amptelike mondstuk van die NHSV

## Val en opstaan

**Onthou julle hierdie scenario (of dalk is jy nou midde-in iets soortgelyk met jou kroos)?**

Jy kry jou eerste fiets – dalk was dit ’n geel en rooi driewieletjie. Of dalk een van daardie swart, plastiek skop-motorfietsies soos wat ek en sekerlik miljoene ander mense gehad het. Die eerste paar kere moet Pappa of Mamma jou optel, bo-op neersit en wys hoe om met jou voete te maak om vorentoe te beweeg. Met verloop van tyd raak jy bedrewe, klim self op en woer-woer die wêreld vol. En dan, in ’n stadium, verloor jy jou balans en val af. Dalk sit jy ’n vreeslike keel op en moet Mamma bietjie “moedersalf” aansmeer. Ek het nog nooit van iemand gehoor wat nie in hierdie geval weer opgestaan, teruggeklim en verder gery het nie.

Die NHSV se tema vir 2024 is *Al het ek geval, ek staan weer op...* (Miga 7: 8, AFR2020). Dis moeilik. Partymaal is dit BAIE moeilik. En seer. Partymaal lyk en voel dit vir ons byna onmoontlik. Daar ís diegene wat dit net nie regkry om weer op te staan nie. Daar is vele geleenthede in die lewe waartydens ’n mens val en weer moet opstaan, al is dit hóé seer of hóé moeilik.

Covid-19 het verwoesting gesaai oor die wêreld heen en bitter baie mense het hul werk of besigheid verloor, of het minstens erge skade gely. Nou praat ek nie eens van die meer as 7 miljoen mense wat gesterf het nie. Dalk het jý ’n geliefde of geliefdes in daardie tyd verloor. Dalk het jy jou werk of besigheid verloor. Die een is so erg soos die ander. Tog lees jý nou hier. Jy is nóú hier. Al is jy dalk seer of moedeloos, jy is hiér en jy gaan aan.

Hoe kry jy dit reg? Dis genade. Dis al.

Ja, dalk het jy deursettingsvermoë, dalk het jy innerlike krag, dalk het jy iets waarvan ons nie weet nie – iets wat jou dryf om voort te gaan. Wat jy ook al het, jy het dit omdat jy in die eerste plek genade ontvang.

In die Bybel lees ons male sonder tal van mense wat laagtepunte in hul lewens bereik en dan uiteindelik maar weer opstaan en aangaan. Ten spyte van vernedering, seerkry, hartseer, verlies of wat ook al, staan mense op en gaan aan. Dit is suiwer en alleen genade.

*Hannelie*



# Mosselbaai reik uit



Laerskool Van der Hoven

# Mosselbaai reik uit

**Giesela Schwarzer – NHSV voorsitter Mosselbaai** **NHSV Mosselbaai reik uit na Laerskool Van der Hoven**

**Ek is altyd in verwondering oor hoe die Here geleenthede oor 'n mens se pad bring om op verskeie maniere te kan uitreik om jou medemens te help oorleef. As jy nie die geleentheid aangryp nie, gaan dit by jou verby, en meestal is jy na die tyd jammer dat jy nie betrokke geraak het nie.**



So 'n geleentheid het oor die susters van Mosselbaai se pad gekom in die vorm van 'n uitreikaksie na 'n klein laerskool in die Sinksabrug-plaasomgewing. Laerskool Van der Hoven is 'n pragtige skool wat tussen George en Grootbrakrivier geleë is.

Een van die susters se dogter het 'n uitnodiging van die skoolhoof gekry om te kom kyk hoe daar by die klein skooltjie, met beperkte leermiddele, skoolgehou word. Ma Gerda en pa Nico het saamgegaan en terwyl hulle vir haar gewag het, gesien dat daar groot nood is onder die kinders omdat dit pouse was en die kinders buite gespeel het.

Ma Gerda het voorgestel dat die dames wit sokkies vir die dogters en grys kouse vir die seuns skenk. Die NHSV voorsitter het dit goed gedink om die hele gemeente betrokke te kry. Gou is 'n WhatsApp-boodskap uitgestuur en sommer die volgende Sondag is daar 'n klomp sokkies en kouse ontvang.

Omdat die NHSV dames meer betrokke wou raak, is daar 'n vergadering belê met die skoolhoof en die onderwyseres wat weet waar die nood groot is en wat die behoeftes is. Die skool het tans 90 skoliere waarvan slegs 20 skoolfonds kan betaal. Die skool maak staat op skenkings van die boeregemeenskap en hou self ook fondsinsamelings.

Soos ons almal weet, is skoolklere een van die grootste uitgawes van elke ouer, veral wanneer daar vier skoolgaande kinders in 'n huis is. Die dames het begin woeker onder vriende en familie en 'n skenking van 30 donkerblou gholfhempies van verskillende groottes ontvang.



Donasies is een oggend tydens teetyd by lidmate ingesamel by Gemeente Mosselbaai se twee preekpunte (Mosselbaai en Stilbaai) om 20 pare skoene aan te koop. Die vreugde onder die kinders wat aan die ontvangkant was, het boekdele gespreek.

Heelwat kinders kom skool toe sonder ontbyt omdat daar tuis nie kos is nie, en 'n kind wat honger is, kan nie konsentreer nie. Hulle kry vroegoggend graankos by die skool, en tweede

# Mosselbaai reik uit

**Vervolg**

pouse 'n gesmeerde broodjie. Die Mosselbaai NHSV susters het 'n reëling getref met 'n nabygeleë plaaswinkel om brode by die skool af te lewer. Ons het self smeergoed vir die broodjies afgelewer.

Die skoolhoof het ook gemeld dat veral die ouer kinders nie toiletware besit nie omdat dit die laaste ding is waarvoor 'n ouer met 'n skrapse begroting voorsiening kan maak. Die skoolhoof wou ook graag dat elke kind sy of haar eie sakkie moet hê waarin hulle hul toiletware by die skool kan hou. Gelukkig is die NHSV voorsitter betrokke by die Naaldwerkgilde en van die dames by die plaaslike VLV-tak. Vinnig-vinnig is dié lede aan die gang gesit om sakkies te maak. Skenkings van toiletware is van oral ontvang. Watter vreugde toe elke kind so 'n sakkie met al die lekkerruikgoed ontvang het!



Skryfbehoeftes is natuurlik altyd 'n groot behoefte. Toe die susters hoor dat 'n boksie kleurpotlode in die klaskamers tussen die kinders gedeel moet word, is daar vir skenkings gevra en het ons verstom gestaan oor die vrygewigheid van elkeen wat gevra is

Met die hele aksie het ek weer eens besef dat mense graag wil help en daaroor is die susters van Mosselbaai baie dankbaar. Ons het egter ook besef dat die behoefte bly, en heel waarskynlik nog meer gaan word, maar ons skrik nie vir hierdie uitdaging nie – ons is Jesus se hande en voete hier op aarde en ons kan maar net vra!

# Streekkongres Oos-Kaap



# Streekkongres Oos-Kaap

**Elsie Slabbert, Port Elizabeth**



**Dis 2024 en die NHSV hou streekkongresse. Die Oos-Kaap is eerste aan die beurt, en wel by Gemeente Port Elizabeth.**

23 Maart breek aan en dis die mooiste herfsoggend in Port Elizabeth. Dis halfses en nog sterk skemer, maar die gemeente se dames is reeds bedrywig om ontbyt gereed te kry. Ons is bekommerd, want beurtkrag is afgestel vir die naweek, maar ons vertrou nie die vrede nie. Dis sesuur en skielik is alles in duister gehul, en beurtkrag kuier by ons tot agtuur. Ons het die manne wat op bystand was vir die oorskakel na die kragopwekker opgekommandeer, en so kon ons darem voortgaan. Die dames moes egter in plaas van heerlike filterkoffie saam met die ontbyt, toe maar kitskoffie drink, want die kragopwekker kon nie die stoof én die koffiemaker hanteer nie.



Elsie Slabbert (uittredende voorsitter)

Om 07:30 begin die dames opdaag, en hulle word ontvang met pragtige musiek in die agtergrond en foto's van die Hoofbestuur en vorige Nasionale Kongresse op die skerm.

Die dames word verwelkom met 'n koevert met Thea se hart vol lentebloeisels daarop. Maart se genadeskets – 'n geel skoenlapper en 'n posseël. Ds Denise open die kongres en lees uit Psalm 69: *Trek my uit modder*. Sanet van Wyk bring 'n boodskap van die Hoofbestuur en praat oor die werking van die NHSV. Daarna is ds Johan van Rooyen aan die woord en die tema van sy praatjie is *Om te val en weer op te staan*.

Teetyd breek aan en die dames kuier lekker oor 'n koppie tee en sout eetgoed terwyl hulle luister na pragtige musiek en kyk na foto's wat op die skerm vertoon word van funksies en fondsinsamelings deur die streek se takke.

Na teetyd luister ons na 'n orreluitvoering en pragtige sang, waarna Elsabé Aldrich weer op haar stukke is en die dames lag dat die trane loop.

Elsie oorhandig 'n sertifikaat vir diens gelewer in die NHSV aan Hannetjie du Plessis. Hannetjie is die oudste lidmaat op die geseënde ouderdom van 90. Sy begin haar diens in die NHSV as 'n jong belydende lidmaat in 1953 op Brits. 'n Paar jaar terug het sy nog vetkoek gebak vir fondsinsamelings vir Port Elizabeth se NHSV. In 2022 trek sy 80 hangers oor vir 'n NHSV stalletjie – elke hanger 'n meesterstuk. Sy het egter besluit om na 71 jaar van getroue diens in die NHSV die tuig neer te lê.

# Streekkongres Oos-Kaap

**Vervolg**



Elsie neem afskeid van die streek aangesien hulle later in die jaar Kaapstad toe verhuis. Sy stel die nuwe voorsitter wat by haar oorneem, aan die vergadering voor: Susan-Marie Canestra. Die kongres word afgesluit deur ds Denise en pragtige samesang deur die dames, waarna ons almal saam middagete geniet terwyl ons luister na musiek en weer eens kyk na die foto's wat op die skerm vertoon word.

**Links: Soos altyd, was die eetgoed 'n hoogtepunt**

**Regs: Zane-lee Swart en Desiré Stewart**

**Onder: Dames besig met hul koeverte**










**Hannetjie du Plessis; Elsabé Aldrich; Sanet van Wyk: Dagbestuur; Elsie Slabbert: Oos-Kaap voorsitter; Lecretia Fikwebi: sangeres; en Antonio Lawack: orrelis.**




Elsie Slabbert saam met Hannetjie du Plessis wat erelidmaatskap van die NHSV Port Elizabeth ontvang het vir getroue diens in die NHSV van 1953 af. Op 90-jarige ouderdom was sy ook die oudste lid wat die kongres bygewoon het.


# Die reis om 'n besigheid te begin



# Die reis om ’n besigheid te begin

**Antoinette Scott, Worcester**

**Om ’n besigheid te begin of ekonomies selfstandig te wees, sit nie in enigeen se broek nie. Soos baie ander gespesialiseerde loopbane, is die keuse om ’n entrepreneur te wees ’n roeping.**




Dit is ook dikwels ’n baie eensame pad, aangesien dit ’n reis in die onbekende is. Nie almal deel of verstaan jou passie nie, en baie sal selfs jou drome betwyfel. Dit kan ook baie stresvol wees wanneer dinge nie altyd reg verloop nie, en daar sal tye wees wanneer jy selfs in jouself twyfel. Die geleenthede is egter eindeloos en op die lange duur die moeite werd.

So, wat is nodig om die wêreld van entrepreneurskap te betree? ’n Entrepreneur moet absoluut 100% in haar- of homself glo en moet bereid wees om risiko’s te neem. ’n Entrepreneur vind oplossings vir probleme of uitdagings. Dit is ook noodsaaklik om jou te omring met eendersdenkende mense wat jou emosioneel en geestelik sal ondersteun op jou reis. Soos die spreekwoord sê, geen mens is ’n eiland nie. Sukses vereis menslike interaksie op alle vlakke van die lewe.

Waar begin ons dus op hierdie reis? Die belangrikste faktor in hierdie hele reis is dat jy moet hou van wat jy doen, want dit sal jou ’n doel gee om na te streef. Maak seker dat jy uit die staanspoor ’n ondersteuningsbasis en ’n paar goeie vriende, familielede of kennisse het om jou aan te spoor. Dit is belangrik, veral in die Suid-Afrikaanse konteks, aangesien ons so maklik vasgevang word in negatiwiteit.

Daar is vyf bestanddele nodig wanneer jy ’n besigheid wil begin: idees; visie; ’n plan; mense; ’n doel. Hiersonder kan jy nooit jou doelwitte bereik nie.

**Registrasie van ’n besigheid**

As jy ’n besigheid registreer, is daar ’n paar opsies waarna jy kan kyk. Ek sal noukeurige oorweging aanbeveel voordat jy met hierdie stap voortgaan, aangesien dit vorentoe ’n verreikende impak op jou besigheid kan hê ten opsigte van koste en regsimplikasies. As jy nie seker is nie, sal ek voorstel jy win raad in – veral wat vennootskappe betref. As jy op jou eie begin, is die maklikste roete ’n eenmenssaak. Hierdie roete is egter beperk ten opsigte van finansieringsopsies as ’n sake-entiteit.

# Die reis om 'n besigheid te begin

**Vervolg**

**Finansies**

Dit is ook noodsaaklik om besigheids- en persoonlike koste te skei. Vanselfsprekend is dit ook belangrik om die een of ander vorm van 'n rekeningkundige stelsel te hê om die inkomste en uitgawes van die onderneming te bestuur. Die administrasie van 'n besigheid kan oorweldigend raak, maar die uitdagings selfs groter as dit nie doeltreffend bestuur word nie. Om beheer oor die finansies te hê, is noodsaaklik vir die welstand van enige onderneming.

Ek glo dat Suid-Afrika 'n plek vir geleenthede is, vir beide jong en ouer mense. Ons kan almal by mekaar leer en die drywers van hoop wees. Dit begin alles met 'n idee...

DYNAMICDOGCHEF

**My eie reis**

Dynamic Dog Chef het tydens die grendeltyd begin toe my ander besigheid tot stilstand gekom het. Soos met baie besighede, was dit vir my skrikwekkend, maar het dit ook 'n geleentheid geskep om na te dink oor waar ek is, waarheen ek op pad is en hoe om die sogenaamde "nuwe normaal" te hanteer. Dit het gou vir my duidelik geword dat om een inkomstestroom te hê nie meer 'n opsie is nie, en nooit in enige omstandighede 'n opsie moet wees nie. Die inperking was beslis vir my 'n waterskeidingsmoment om my passie vir honde uit te leef en 'n nuwe doel in die lewe te vind.

So is Dynamic Dog Chef gebore. Ek vervaardig en verskaf tuisgemaakte hondelekkernye en is in hierdie stadium – vier jaar ná die begin – gereed om die besigheid te neem na verdere groei. Nadat ek plaasstalletjies voorsien en by verskeie markte verkoop het, het 'n groot belangstelling in my produk ontstaan, en voorsien ek nou selfs aan kliënte in Gauteng en die Suid-Kaap. Ek weet ook een van my gereelde kliënte het van my produkte Europa toe gestuur. Mag 2024 'n jaar van drome wees wat waar word!



# Twee susters op toer

**Marga en Lorma Janse van Rensburg**



# Twee susters op toer

**Lorma Janse van Rensburg, Worcester**



**Verlede jaar het ons drie sussies Turkye ervaar, en daar het die reisgogga ons gebyt. Ons reis toe in September, sonder reisagentskapfooie, na Portugal, Spanje en Frankryk. Ons oudste sus kon ongelukkig nie saamgaan nie.**

Ons vlieg met TAAG (Angolese lugredery), wat die kortste reistyd en goedkoopste was. Ten spyte van bekommernis oor die onbekende lugredery, was daar genoeg beenspasie en die vlugte was betyds.

Ons eerste stop was Lissabon in Portugal en dit was 'n ongelooflike ervaring. Hierdie kleurvolle, vibrerende stad het diep in ons harte gekruip: van paleise, kerke tot seedorpies wat jou asem wegslaan. Die Portugese is vriendelik en 'n vrolike nasie. Ons bly in 'n Airbnb-woonstelletjie in die middestad. Dit is 'n klipgooi weg van trems, treine en busse, wat vervoer maklik en eenvoudig maak.

'n Móét-besoek is Sintra, 'n dorpie waar jy agt paleise kan beleef – ongeveer 40 minute uit Lissabon. Ons reis ook vir 'n dag na die stranddorpie Cais-Cais, wat ongeveer 'n uur per trein weg was. Helder saffierblou seewater met 'n klipperige strand.



Hierna vlieg ons na Barcelona. Ons vlug was 60 minute en spotgoedkoop in vergelyking met die treine waarmee 'n mens ook kan reis. Ons woon hier ook in die middestad op die 10de vloer met 'n klein balkonnetjie, wat 'n panoramiese uitsig oor die stad gee. Die eerste dag ry ons met die rooi *city bus* en beleef die stad van hoek tot kant. Die merkwaardige Sagrada Familia (foto hiernaas), 'n katedraal wat reeds vanaf 1852 in aanbou is, behoort in 2024 voltooi te wees. Dit is 'n indrukwekkende argitektoniese ontwerp deur die bekende Antonio Gaudi. Ons het die stad egter as vuil en anders beleef met mense wat swart en donker kleure dra. Besoek gerus die katedrale en eet van hul heerlike seekosgeregte.

Ons huur 'n kleinerige Fiat om noordwaarts na die Costa Brava-kus te ry, maar word verras met 'n enorme Jeep, waarmee ons aan die regterkant van die pad moes

# Twee susters op toer

**Vervolg**





ry. Dit was senutergend! Ons besoek Girona, waar die populêre reeks *Game of Thrones* geskiet is. Dis 'n pragtige kusdorpie met 'n historiese atmosfeer uit die 1700's.

Vandaar reis ons na Tossa de Mar, steeds met die Jeep as vervoermiddel. Ons bly in 'n lieflike Airbnb, 'n klipgooi van die see af. Dié kusdorpie is bekend vir sy heerlike paellas. Heelwat dagbesoekers word hier deur luukse skepe aan wal gebring. Ons kon heerlik uitrus en op die pragtige strand ontspan.

Terug in Barcelona, vlieg ons met Air Iberia na Parys. Ons bly in 'n motel wat te ver van die middestad was, en ons moes twee ure 20 minute in-en-uit pendel met die metrotrein en vier busse. Ons wenk hier aan enigiemand wat Parys wil besoek: Betaal effens duurder, maar bly eerder nader aan die middestad. Al die bekende besienswaardighede soos die Arc de Triomphe, die Eiffeltoring, die Louvre, die Seine-rivier en Chantelise-parke is beslis 'n besoek werd. Parys was duurder as die ander twee lande, vermoedelik weens die Rugbywêreldbeker met al die toeriste. Ons het probeer om 'n wedstryd te gaan kyk, maar die kaartjies was buite ons begroting. 'n Laaste wenk: Gebruik Google Maps om die moltreinstelsel te verstaan. Die Franse praat nie graag Engels nie en is beslis nie so gaaf nie.

Hiérdie twee weke in Europa was uit en uit elke sent (euro) werd!


**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Giesela Schwarzer, Elsie Slabbert, Antoinette Scott, Lorma Janse van Rensburg**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com***
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za***



| | | |
|---|---|---|
| ***www.nhsv.org.za*** | ***Posbus 111, Worcester 6849*** | ***diechristelikevrou@gmail.com*** |
| ***diechristelike*** | ***Christelike Vrou*** | ***082 923 9439*** |



***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***